

Nabetragting van Boodskap 12 Julie 2020

Gegroet uit die pastorie

Hooftema: Simfonie van Lof

Maandag:

Hoër as die hemel, dieper as die see, wyer as die heelal..

Wat sou jy verander as jy jou Dirigent, jou Skepper, sal glo dat jy in Christus tot alles in staat is; m.a.w. kan deelneem aan die skepping deur jou instrument te bespeel? Die lewe is 'n leerskool vir een en elk om te ontdek watter instrument jy bespeel. Die rasionalisasie dat jy nie jou instrument al ontdek het nie, is dus ongeldig – jy is op die minste besig om dit te ontdek en gee nie om jou ouderdom nie. Een van die beste instrumente is jou eie stem – in die metafoor van 'n musiekuitvoering dan die solosangers of koor. In godsdienstaal sal ons praat van 'n persoon met die talent om te bid, boodskappe aan te bied, of om op te beur of mense te begelei na insig. Om 'n hart te hê vir die mense in hulle herfsdae – wat 'n wonderlike lied is in die skeppings-komposisie. Daar is baie meer instrumente as wat ons sommerso oor die algemeen uitdink. En omdat Christus dit in ons moontlik maak dan met die wete dis hoër as die hemel, dieper as die see, wyer as die heelal!

Dinsdag:

..die mens en al Sy wee, groter as die skepping, kosbaar – baie meer.

Daar is twee aspekte van 'n uitvoering en dit geld eweneens vir die uitvoering van die simfonie van die skepping. Eerstens is daar die bemeestering van jou instrument en tweedens die konsert. Beide geskied gelyklopend elke oomblik van altyd. Dit vra om te oefen by jou huis, maar ook deur te oefen in samesyn met die hele orkes wat gereeld bymekaarkom. En dan is daar die uitvoering wat nooit ophou nie en dit noem ons gesindheid en liefde en waagmoed.

Woensdag:

.. onverdiend en ewig is die liefde van die Heer!

Is God regtig doer en ons hier? Almal weet tog dis 'n lieg storie, maar ons voel tog dikwels so! Dan is daar baie keer die gewetens-aanslag dat ons nie God se hulp verdien nie of eers meer gehoorsaam en getrou moet wees voor God self aan ons verskyn. Almal ken die Blye Evangelie dat God juis anders is, eintlik egte liefde is, maar ons glo en beleef dikwels anders. En dan, skielik, eendag, verskyn daar 'n lied op jou voorstoep, die lied der liedere wat gesing word deur 'n medegelowige wat God vir jou kom wys in ondersteuning en hulp en liefde en dit alles sonder om te oordeel. En, dan, op 'n ander keer, bespeel jy weer jou instrument vir 'n medemens en wat miskien haar lewe red met die eenvoudigste van alle liedere: God het jou lief en ons ook!

Donderdag:

Hy is koning, grote Koning. God van mag en krag, God van woord en daad.

Nie dominees nie, nie dokters nie, nie sielkundiges nie – hoewel almal ook hul instrumente met veel waarde bespeel, maar net die Dirigent self weet hoe om 'n pad deur jou woestyn te maak, jou te lei deur die allerergste droogte, deur siekte e.d.m. Net die Dirigent ken die komposisie wat 'n mens se lewe nuut maak en beter. Net die Dirigent weet watter lied en watter instrument sy liefde kan plaas waar dit nodig is. En dikwels is dit deur die lede van die orkes. As die Dirigent jou wys om te jou instrument te speel, speel hom dan voluit – jy kan dit waag want die hele orkes is saam met jou.

Vrydag:

Prys die Koning, grote Koning. God van son en reën, God van sorg en seën.

Kyk, so sê die Here, Hy gaan iets nuuts doen deur jou en daarvoor, wees verseker, het jy die panache en flair nodig wat net jou Skepper se Gees in jou hart kan opskep met entoetiesme. Ons is gemaak om fonteine te wees wat oopspring in die skepping, wat riviere word in droë plekke en dit alles om met God te spog. En dit is 'n loflied wat die krag dra van genesing en herstel en van nuwe beginne. Dit is soos die Groot Koor van engele wat Jesus se geboorte aangekondig het aan die skaapwagters. Jy is deel van God se orkes wat Hy dirigeer en gestig het om Sy lof te verkondig.

Ek groet vir eers vir die week.